# BOELIEBELEID

## 1. DOEL MET DIE BELEID

- Die Laerskool Danie Malan verdra geen boelie-gedrag in enige vorm nie.
- Geen persoon het die reg om 'n ander seer te maak by wyse van boelie-gedrag nie. Personeel, leerders en ouers sal saamwerk.

## 2. TIPES BOELIES (leerder, onderwysers en ouers)

- Verbaal: Vloek, skinder, dreig, afpers, beswadder;
- Fisies: Aanrand, mishandel, slaan, stamp, vernederende take;
- Kuber: Stories versprei en foto's op die web plaas tot nadeel van 'n individu;
- Anti-sosiaal: Uitsluiting, skinder en nie-verbale projeksie;
- Koggel en vernedering van individu deur groepe.

## 3. VOORKOMS VAN BOELIE-PRAKTYKE

- 'n Leerder word deur 'n ander geboelie;
- 'n Leerder word deur 'n groep geboelie (bv. onaanvaarbare inlywingspraktyke van 'n junior/individu/spanlid deur seniors/ander lede in 'n span; koggel van 'n individu deur 'n groep.);
- 'n Leerder kan in 'n klaskamer, tydens wisseling, op die skoolgronde, in die kleedkamers, op die oefenveld (sport), buite die skool op pad skool- of huis toe geboelie word;
- Boelie wissel vanaf 'n ongemaklike irritasie tot aanranding met die doel om ernstig te beseer en wat neerkom op die oortreding van 'n wet;
- Boelie kan sporadies voorkom of langdurig wees;
- Sommige leerders is geneig om geboelie te word, selfs al skuif die kind na ander klas of skool;
- Ouers wat ander leerders aanspreek of intimideer op die skoolterrein.

## 4. BOELIES EN SLAGOFFERS

- Slagoffers: Leerders wat normaalweg broser, kleiner, fisies en psigies swakker is, in die minderheid is en onseker en skaam voorkom. 'n Leerder met 'n liggaamlike voorkoms anders as die norm is ook geneig om geteiken te word.
- Boelies is geneig om te ly aan 'n swak selfbeeld, hulle voel onseker oor hulself, wil ten alle koste ervaar dat hulle ander se meerdere is, en is moontlik self die slagoffer van liggaamlike en psigiese mishandeling. Boelies is nie noodwendig liggaamlik groot nie, maar in staat om manipulerend op te tree – veral in die teenwoordigheid van maats;
- Die boelies kan leerder, onderwysers en selfs ouers wees.

## 5. GEVOLGE VAN BOELIES

- Die boelie van leerders deur ander leerders hou ernstige gevolge in en moet baie streng hanteer word:
    - Emosionele, fisiese, akademiese en sosiale afgetakeldheid;
    - Verlies aan motivering en konsentrasie met die gevolg dat akademiese prestasie daaronder ly;
    - Swak selfbeeld, swak gesondheid, angstigheid, paniekaanvalle, depressie en selfmoordgedagtes;
    - Teruggetrokkenheid en sosiaal geïsoleerdheid wat kan lei tot sosiale fobies;
    - Skoolfobie ontstaan;
    - Die leerders kan fisieke skade opdoen.
- Ouers moet hul kinders dophou vir bogenoemde simptome.

## 6. OPTREDE

### 6.1 Bewusmaking

- Die profiel van ‘n boelie, voorkoms van boelie en die inhoud van hierdie beleid word met die personeel en leerders behandel tydens geleenthede soos saalopeninge. Sodoende is almal ingelig oor wat boelie-praktyke behels.
- Die leerders en ouers word bewus gemaak van die Boeliebeleid.
- Reël sprekers om oor Boelie-praktyke en moontlike oplossings te praat.
- Die boeliebeleid word op die skool se webwerf, “School communicator”, dagboek en Prospektus geplaas sodat ouers na aanleiding van die inhoud boeliery onder die hoof se aandag kan bring, by wyse van ‘n brief en/of besoek.

### 6.2 Rapportering

- Enige vorm van boelie word aangeteken sowel as die optrede deur die betrokke personeellid of spelterapeut.
- Die Boelie register vorm word voltooi en in die lêer geplaas.
- Die insident se datum word langs die boelie en slagoffer se naam op die klaslys aangeteken sodat die omvang en frekwensie bepaal kan word.

### 6.3 Minder ernstige gevalle – Optrede teenoor boelie

- waarsku
- debietpunte
- wegskuif van slagoffer
- gesprek met leerder

### 6.4 Minder ernstige gevalle – Hulp vir slagoffer

- wegskuif van boelie
- gesprek met leerder

### 6.5 Boelie – Indien die leerder vyf keer as boelie op die register aangeteken is oor minder ernstige oortredings.

- Ouers word genooi vir onderhoud en toestemming word verkry vir terapie deur spelterapeut.
- Nog 5 keer op Boelie register – ouer word in kennis gestel en leerder word verwys na Dissiplinêre komitee.

### 6.6 Slagoffer – Indien die leerder vyf keer as slagoffer op die register aangeteken is oor minder ernstige oortredings.

- Ouers word genooi vir onderhoud en toestemming word verkry vir bemagtiging deur spelterapeut.
- Nog 5 keer op Boelie register as slagoffer – verwys na Sielkundige vir bemagtiging.

### 6.7 Ernstige fisiese of psigiese boelie praktyke

- Die boelie word onmiddellik deur die hoof / dissiplinehoof geïsoleer (weggeskuif of geskors) vir tyd en wyl die ondersoek duur.
- Verslag word geneem van die boelie en die slagoffer.
- Ouers van die beskuldigde word onmiddellik ingelig oor die situasie tydens ‘n onderhoud met die Spelterapeut of Dissiplinêre beampte en versoek om die beskuldigde te kom haal.
- Die omstandighede en die gesteldheid van die slagoffer sal bepaal of laasgenoemde ook huis toe gestuur word.
- ‘n Ondersoek deur die Dissiplinêre beampte word gedoen om die presiese feite te bepaal deur onder andere ooggetuies se verslae te ontvang en die feite daarvan te verifieer.
- Spesifieke reëlings word getref om die veiligheid van die slagoffer te verseker. Die volgende reëlings kan geld:
  - Plasing in spesifieke lokaal onder toesig van ‘n onderwyser of personeellid.
  - Begeleiding tydens wisseling.

- Berading deur skool se sielkundige / maatskaplike werker en/of jeugwerkers.
- Dissiplinêre optrede teen boelie: Tydelike skorsing; dissiplinêre verhoor deur formele tugkomitee van die skool wat kan uitloop op uitsettingsprosedures, program van gedragsaanpassing deur skool en Departement van Onderwys en/of jeuginstansies.
- ‘n Tugkomitee bestaan uit ouers, onderwysers en beheerliggaamslede.

**7. OUERS**

- ’n Sterk band, gekenmerk deur ’n stabiele, warm en liefdevolle verhouding, met hul kinders skep.
- Opreg in hul kinders se onderwys belangstel.
- ’n Atmosfeer by die huis skep wat dit maklik maak vir die kind om oor sy ervaring te praat.
- Oplettend wees om gedragsveranderings in hul kind waar te neem.
- Nie die reg in eie hande neem as die boelie situasie geopenbaar word nie.
- As primêre opvoeders die viktimisering van hul kinders onverwyld as eerste stap onder die aandag van die kind se onderwyser bring.
- As ouer se kind die boelie is: Sonder enige voorbehoud dit as onaanvaarbaar oordra aan die kind en saam met die onderwyser span om die gedrag te korrigeer.
- Goeie voorbeeld is van kardinale belang.

**8. PERSONEEL**

- Boelie se naam word op die graadnotule geplaas, sodat ingeligte personeel met kontrole kan help
- Direkte kontrole/monitor van die boelie se bewegings.
- Opsigtelik toesig hou tydens skoolaktiwiteite en pouses.
- Navolgenswaardige gedrag binne en buite die klas openbaar.
- Leerder inlig oor die verwagte standaard vir gedrag en die skool- en klasreëls aan leerder voorhou.
- Oplettend wees vir enige tekens wat verband mag hou met boelie-gedrag.
- Alle aangemelde insidente ondersoek.
- Alle aangemelde insidente dokumenteer.
- Slagoffers ondersteun en hulp verleen sodat diè leerder nie weer blootgestel word aan boeliegedrag nie.